heelwat hoër te dra. Dit is bekend dat Akasias nie werklik te klein gegroei kan word nie, aangesien die stam op 'n later ouderdom te veel verdik en die verhoudings van die boom belemmer. Ek wil om hierdie rede voorstel dat lae-mik Akasias ook aanvaar sal word as bonsai in die tweestammige styl.



PLATKROONSTYL

DAAN DU TOIT

(Met erkenning aan Charles Ceronio)

INLEIDING

Die Papierbas (*Acacia. sieberiana*) en Platkroon valsdoring (*Albizia adianthifolia*) is tipiese voorbeelde in die natuur van hierdie styl. In hierdie styl word dan ook gepoog om hierdie bome se natuurlike groeivorme na te boots.

BESKRYWING

Met die platkroon styl word die boompie voorgestel in die vorm van 'n wye tregter wat plat is bo. Die boompie het 'n enkelstam wat redelik regop vertoon met sterk ontwikkelde raamtakke na buite wat die raam van 'n tregter voorstel, terwyl die binnetakkies fyn is en geen sterk takke teenwoordig is om 'n apeks met 'n ronde kroon te vorm nie.

Die Platkroon staans met betrekking tot die raamtakke in teenstelling met die Pierneefstyl. Laasgenoemde vereis nie net raamtakke na buite nie maar ook na binne om 'n oop sambreel te vorm. Alle takkies groei opwaarts en vorm 'n apeks in die vorm van 'n sambreel of te wel 'n ronde koepel.

MATERIAAL

Ongelukkig is Papierbas en Platkroon valsdoring, wat in hierdie natuur in die styl groei, nie geskikte bonsai